

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 21 Augustus 2016

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: Psalm 25 (OAV).

Fokus: Psalm 25: 2, 3 en 20.

Skuil by die Here teen beskaamdheid.

Omgee:

- Martie Ackerman is met kanker gediagnoseer en gaan begin met chemo behandeling.
- Hendrik Fritz is in “Ons Huis” Florida, kamer 13.

Offergawes:

Offergawes: ‘D’ gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:

- **Aanderediens** vandag om 17:30.
- Ds Stephan se **kategesegroep** kom weer vanmiddag om **17:00** in die kuierkamer bymekaar.

- **Kursusse en seminare** vir hierdie kwartaal: **26-27 Aug Oorwinnaars vir Kinders Bergbron**; 2-4 Sept Victory in Jesus Christ GK Meadowlands; 16-18 Sept Oorwinnaars Nelspruit; 23-25 Sept Oorwinnaars Reitz.
- **Die herderlike ouderlinge vergader** DV Dinsdag (23/08) om 19:00 in die kuierkamer.
- **Tee/koffie skinkbeurt** – **vandag** skink Groep 5: Sophie, Santjie en Susan le Roux. Volgende Sondag is dit Nagmaal, met die Teelepel-ete na die diens.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Teelepel-ete! 28 Augustus 2016

Die Vroue-aksie herinner almal aan die Teelepel-ete volgende Sondag. Ons wil 'n spesiale uitnodiging rig aan ons nuwe lidmate, sodat ons mekaar beter kan leer ken.

Jy kan Help

- Diakens vra: Komberse en tweedehandse klere – gee vir Carel Cornelissen
- Amanda Kotze (074 960 4142) is op soek na 'n tuinwoonstel om te huur.

Lekker verjaar ...!

Verjaardae vandag en in die week:

21/08 JAN BOTHA 082 896 3963

21/08 WERNER DAHLBERG 083 836 8199

24/08 HANTIE VAN JAARVELD 082 307 0199 011 477 1135

Mag die Here jou oorvloedig seën

Gebed: Teen die Gety

Gedeeltes aangehaal uit die boek , Teen die Gety, van Dr. Bennie Mostert. Uitgegee deur Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.

Die sleutelmag van die gelowige - Gebruik jou sleutelmag! (2)

4. Kom staan in die rots

God is die geestelike rots wat die Vader is. Jesus is die rots waarop die kerk gebou word. God die Vader wil ons op die rots hê, want Hy wil sy kerk op die rots, Jesus, bou. Lees Eks. 33:21-23

Let op dat God Moses uitnooi om saam met Hom op die rots te kom staan: daar is plek by op die rots by God! God nooi ons na die rots toe. Maar God die Vader wil ons nie net op die rots Jesus Christus hê nie maar ook ín die rots. Wanneer God Moses nooi om saam met Hom op die rots te staan, plaas Hy ook vir Moses in 'n skeur in die rots. Jesus is deur die kruis oopgeskeur en deur die bloed wat deur die wonde (skeure) gevloei het, is ons in die rots Jesus Christus ingeplant.

5. Sleutelmag word toegeken

Terug by Matt.16 - sê Jesus iets soos “klein rotsie”, kyk na die Ewige rots, want op hierdie rots sal Ek my kerk bou. En klein rotsie, omdat jy ook rots is, gee Ek aan jou die sleutels om hierdie kerk te bou en met hierdie sleutels kan jy bind en ontbind. Die sinspeling is iets soos “like Father, like son” In die skrifgedeelte Matt.16:19 sê Jesus vir Petrus (en dus ook vir sy dissipels) “Ek sal aan jou die sleutels van die Koninkryk ...” Hier gee Jesus aan sy dissipels geestelike sleutels om die magte van die Bose teen te staan; die poorte van die hel toe te sluit. Een ding staan hieruit vas: sleutels is absoluut nutteloos as hulle nie gebruik word om mee oop en toe te sluit nie. Jesus plaas daardie sleutels in die hande van die kerk, (in die hande van die dissipels) met die doel om die poorte van die hel toe sluit en die deure van die koninkryk oop te sluit. In Matt.18:18-20 word die opdrag uitgebrei en moet die dissipels hierdie sleutelmag gebruik om die “poorte van sonde” in die gemeente toe te sluit en word hierdie sleutelmag direk aan korporatiewe gebed (waar twee of drie saamstem) verbind.

Hierdie sleutelmag sluit aan by God se belofte aan die nageslag van Abraham soos wat Hy dit aan Rebekka gemaak het: ...mag jou nageslag die poorte van sy vyande in besit neem! (Gen.24:60 oav) Wie die stadspoort beheer het, het die stad beheer. Om dus ‘n stad en eerstens die stadspoort te verower, beteken dat die god van daardie bepaalde stad, geografiese streek en volksgroep, verower moet word.

Kruispad van Gerjo Ben – (verlede week se stukkie)

Ns. As jy van iemand weet wat hierdie e-pos nodig het, kan jy dit vir hom/haar aanstuur (forward). Jy kan ook ebyb@kruispad.com in die cc blokkie sit, dan sal ons hulle op die poslys plaas.

Terugvoer oor Imke

Imke is tans in die Donald Gordon Hospitaal vir haar laaste twee chemos. Dit was ‘n paar moeilike en emosionele dae. As haar bloedtellings reg bly, kan sy dalk oor die naweek ontslaan word, maar moet die 25 ste Aug. terug wees vir haar MRI en CT Scans. Die fokus gaan dan wees om haar bloedtellings reg te hou en om haar immuniteit reg te kry vir hulle vlug na New York, die 15 de September, waar sy dan na beraming vir 5-6 maande behandeling sal ontvang.

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,
stephan@bergbron.org.za

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219,
076 867 3125, zooch234@gmail.com

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 537 9770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek.
180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

kantoor@bergbron.org.za

Diakens: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.

Ouderlinge: Wesley Abourizk 071 492 7395; Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.

Die Lewende Woord vir Jou Vandag

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: Psalm 25 (OAV).

Fokus: Psalm 25: 2, 3 en 20.

Skuil by die Here teen beskaamdheid.

- Dawid het hierdie Psalm waarskynlik gedig tydens sy latere lewe toe sy seun Absalom die groot opstand teen hom gelei het. Hierdie gebeure het Dawid laat worstel met beskaamdheid.
- Verskil tussen *skuld* en *beskaamdheid*: *skuld* dui op foutiewe dade en *beskaamdheid* dui op foutief wees in jou wese.
- *Beskaamdheid* is baie keer ook die oorsprong van kompulsiewe gedrag.
- Kenmerke van huise waarin *beskaamdheid* floreer: onverwagse woede uitbarstings, alles word onder beheer gedoen, blameer ander as jy verkeerd is, praat nie oor sake nie, en perfeksionisme.
- In Christus het ons vrye toegang tot God en kan ons by Hom skuil om so bevry te word van *beskaamdheid* (Rom 9: 33).

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:

- Waarom het Dawid so geworstel met *beskaamdheid* tydens die opstand van Absalom?
- Verduidelik die verskil tussen *beskaamdheid* en *skuld*. Waarom veroorsaak *beskaamdheid* 'n gevoel van hopeloosheid?
- Verduidelik hoe *beskaamdheid* baie keer die oorsprong is van kompulsiewe gedrag.
- Hoe bevry Christus ons van *beskaamdheid*?

Ander Nuus

- **NG Kerk Lindenpark** het op 27 Augustus hulle basaar van 09:00 tot 14:00. Hulle adres is h/v Bram Fischer en Centralaan in Linden uitbreiding. Tel. 011 782 0203
- **Heinz Winckler** tree op by FEBA Radio se Verjaardagkonsert.
Datum: Vrydag 9 September 19:00.
Adres: Kerk Sonder Mure, Centurion
Koste: R 70-00 pp – kaartjies by Computicket
- **Oud-Pukke** Kuier in Johannesburg: die Puk se kampusrektor nooi oud-Pukke en ouers van voornemende studente uit na 'n gesellige saamtrek op Dinsdag, 20 Sep 2016, 18:30 vir 19:00 Plek: The Butlers Caterers, Blue Valley Estate, Rooihuiskraal weg Drag: Netjies, informeel. Koste: GRATIS vir eerste 50 mense wat bevestig, R100 p.p daarna. Ete en 'n bottel wyn per tafel word voorsien. Metgeselle welkom. Slegs 150 plekke beskikbaar. Abigail.leshope@nwu.ac.za / 018 299 2770